



## INLIGTING EN INSTRUKSIES OM AANLYN TE REGISTREER VIR DIE 22STE JAARLIKSE PVATN-KONGRES, 2-3 MAART 2023, WINDHOEK

Registrasie vir Kongres 2023 word volledig behartig deur



### A. Voordat jy aanlyn gaan om te registreer



Voordat jy aanlyn gaan om te registreer, maak seker van die volgende:

1. Maak seker jy het die volgende besonderhede van elke kongresganger wat jy wil registreer:
  - a. Naam en van
  - b. Naam van die skool/instelling
  - c. E-posadres
  - d. Selffoonnommer
  - e. Onderrigfase
2. Maak seker jy het besluit en/of het toestemming ten opsigte van watter wyse van betaling gebruik gaan word. Die metodes van betaling word by punt 9 hier onder uiteengesit.

### B. Hoe om te registreer en te betaal

Stappe:

1. Gaan na die webtuiste van *Webtickets Namibia*: [www.webtickets.com.na](http://www.webtickets.com.na)
2. Indien jy 'n *Webtickets Namibia*-rekening het, teken aan deur op "Log in" te klik. Indien jy nie 'n *Webtickets Namibia*-rekening het nie, skep een deur op "Register" te klik en die stappe te volg. Jy kan ook deur jou *Facebook*-rekening inteken deur op die *Facebook*-embleem te klik.
3. Om by al die *Webtickets Namibia*-aanbiedings uit te kom, klik op die *Webtickets Namibia*-embleem bo-aan die skerm op die webblad.
4. Een van die aanbiedings is ±"PVATN: 22STE JAARLIKSE NASIONALE KONGRES". Die PVATN-embleem (soos bo-aan hierdie dokument) verskyn ook daar. Klik op hierdie blokkie.
5. Nou is jy op die webblad vir die PVATN-kongres. Klik op "Get this ticket" of op "Get ticket".
6. Op die volgende bladsy verskyn die opskrif "Please select quantity". Jy moet nou kies vir hoeveel mense jy wil registreer. Regs van die prys kan jy op 'n af-pyltjie klik. Klik daarop en klik dan op die aantal mense wat jy wil registreer: 1, 2, 3, ens. Die betaalbare bedrag sal outomaties aangepas word om aan te dui hoeveel betaal moet word vir die aantal mense wat geregistreer word. LET WEL: Jy betaal nie nou al nie. Nadat jy die aantal mense gekies het, klik op "Next".

7. Klik op "OK" om te bevestig dat jy vir die gekose aantal mense wil registreer, en dat jy verstaan en aanvaar dat kaartjies 90% terugbetaalbaar is. LET WEL: Jy betaal nie nou al nie.
8. Vul die besonderhede in van elke persoon wat jy vir die kongres registreer. Daar sal plek wees om die inligting in te vul vir soveel mense soos wat jy aangedui het jy wil registreer. Al die velde moet ingevul word, anders kan jy nie voortgaan met die proses nie. Nadat jy al die velde vir elke persoon wat geregistreer word ingevul het, klik op "Proceed".
9. Op die volgende skerm verskyn die totale bedrag wat betaalbaar is, asook die opskrif "Choose a payment option". Jy moet nou aandui hoe vir die kongreskaartjies betaal gaan word. Nadat jy die toepaslike metode gekies het deur daarop te klik, klik dan op "Buy tickets". Die volgende metodes is beskikbaar:
  - a. : As jy op hierdie opsie klik, sal jy 'n verwysingsnommer ontvang. Hierdie nommer moet jy na 'n Pick n Pay-supermark neem, en dan kan jy daar kontant of per kredietkaart vir die kaartjies betaal.
  - b. : Klik op hierdie opsie as jy 'n direkte deposito of elektroniese fondsoordrag (EFT) wil doen. Jy sal dan 'n e-pos ontvang waarin die besonderhede van die *Webtickets Namibia*-bankrekening gegee word waarop die verskuldigde bedrag inbetaal moet word. 'n **Verwysingsnommer** sal ook verstrekk word, wat as verwysing moet dien wanneer die betaling gemaak word. LET WEL: Gebruik asseblief die **verwysingsnommer** as verwysing, en nie die skool se naam, ens. nie. LET WEL: Moet asseblief geen fondse op die PVATN se bankrekening inbetaal nie. Alle fondse moet op die aangeduide *Webtickets Namibia*-bankrekening inbetaal word. Stuur die bewys van betaling (met die **verwysingsnommer**) aan die gegewe e-posadres van *Webtickets Namibia*. LET WEL: Moenie bewyse van betaling aan die PVATN stuur nie. Nadat u die bewys van betaling met die **verwysingsnommer** aan *Webtickets Namibia* gestuur het, sal jy die toepaslike aantal kongreskaartjies ontvang.
  - c. Per kredietkaart: Vul die besonderhede van jou kredietkaart in. Jy sal ná betaling dadelik die kaartjies kan aflaai.
  - d. Per *PayPulse*: Volg die instruksies.

### C. Nadat jy geregistreer en betaal het

Dit is moontlik om die besonderhede van persone wat vir die kongres geregistreer het aanlyn te verander solank as wat aanlyn registrasie oop is. Dit mag byvoorbeeld nodig wees om die besonderhede te verander indien 'n kollega nie meer die kongres kan bywoon nie, en 'n ander een gaan in sy/haar plek.

Om die inligting te redigeer, teken in op *Webtickets Namibia* en klik op "My tickets". Navigeer dan totdat jy die besonderhede kan redigeer. Dit kos niks om kongresgangers se besonderhede te verander nie.

### D. Kansellasië

Jy kan registrasie vir die kongres kanselleer solank as wat aanlyn registrasie oop is. Wanneer registrasie gesluit het, kan kansellasies nie meer aanvaar word nie. In geval van kansellasië sal 90% van die kongresfooi terugbetaal word. Kontak asseblief *Webtickets Namibia* indien jy 'n registrasie wil kanselleer.

Indien die PVATN-Bestuur besluit om die kongres te kanselleer, sal 90% van die kongresfooi aan alle geregistreerde kongresgangers terugbetaal word. 10% sal teruggehou word om bank- en dienskosies te delg.

### E. Kontak *Webtickets Namibia*

Indien jy enige probleme ondervind of hulp nodig het, skakel asseblief die *Webtickets Namibia*-hulplyn op +264 811 272725 (Maandae tot Vrydae, 08:30-17:00).

Sien jou by die kongres!